

Stappe vir Selfregistrasie 2020

(<http://studies.nwu.ac.za/af/studies/registrasies>)

Wat moet ek vooraf doen?

- ONTHOU jou PIN (Eerstejaars sal op 10 Januarie 2020 'n sms rakende jou pin ontvang)
- Maak seker jy weet vir watter modules jy wil registreer (registrasie- en kurrikulumkontroleform)
- Kontroleer die **klas- en eksamenroosters vir 2020** op die web, voordat jy jou modules kies, om te verseker dat daar geen roosterbotsings is nie: <http://studies.nwu.ac.za/af/studies/klas-en-assesseringsroosters>
- Neem kennis van die verpligte minimum eerste betaling vir registrasie

Mag ek net in die rekenaarlokale op kampus registreer?

- Nee, gebruik gerus jou eie rekenaar, skootrekenaar, slimfoon of tablet

Verwys ook na die **volledige handleiding vir webregistrasie** by b.g. webadres.
(ASV-lede sal tydens eerstejaars se registrasie beskikbaar wees vir hulpverlening / navrae)

STAP	BESKRYWING	MOONTLIKE PROBLEEM	MOONTLIKE OPLOSSING
1			Kies "Registreer aanlyn" by die volgende skakel: http://studies.nwu.ac.za/af/studies/registrasies
2	Teken aan met jou studentenummer en PIN (nie jou Novell Pin nie. Eerstejaars sal op 18 Januarie 2019 'n sms rakende jou pin ontvang)	Ek het nie 'n PIN nie	Kies "Skep PIN" en volg die stappe
		Ek kan nie my PIN onthou nie	Kies "PIN vergeet" en volg die stappe. Jou pin vertoon op die skerm en word per e-pos gestuur
		Die taal is nie verstaanbaar nie	Kies "Change language"
3	Kontroleer jou kwalifikasie en kurrikulum en kies "Volgende"	Ek wil van kwalifikasie wysig	Eerstejaars: Hulptonbank in gebou F20 Seniors: Gaan na die betrokke Fakulteitsadministrateur, by nuwe kwalifikasie
		Die status lees: "Reeds geregistreer"	Registrasie is reeds gedoen. Gaan na gebou F1 in die wysigingstydperk indien jy wil wysiging
4	Voltooi verpligte toestemming vir bekendmaking van persoonlike inligting (POPI)	Keuse is nie gemaak nie	Die vraag is verpligtend. Jy kan enige tyd jou keuse verander deur 'n skriftelike versoek, na registrasie, by Akademieserekord-navrae (gebou F1, G44) in te handig
5	Bevestig jou "kontakinligting" [LW: Na afhandeling van registrasie word die bewys van registrasie na die e-posadres wat jy hier aandui gestuur. Verseker dat dit jou persoonlike e-posadres is]	Wat is belangrik?	- kies voorkeurmethode vir rekening (e-pos / pos) . Indien e-pos, lees 'n rekening e-posadres in. Dit kan jou ouers of beursgewer se e-posadres wees - jou persoonlike e-posadres - jou persoonlike selfoonnummer - korrekte pos- en losiesadres
		Ek wil van die inligting verander maar het nie die opsie nie	Versoek adreswysiging by Akademieserekord-navrae by gebou F1, G44

STAP	BESKRYWING	MOONTLIKE PROBLEEM	MOONTLIKE OPLOSSING
6	Kies die korrekte modules vir registrasie, deur langs elke module te 'klik'/merk	Ek wil meer/ander modules neem, wat nie in die lys is nie	Voltooi die res van die selfregistrasie. Om te wysig: Handig 'n goedgekeurde studenteverzoek- en modulewysigingsvorm, tydens wysigingstydperk, by Voorgraadse Administrasie, gebou F1(toonbanke), in
		Ek wil net sekere modules neem	Merk net die modules wat van toepassing is
		Hoeveel modules kan ek ekstra neem?	Twee per semester of een jaarmodule
7	Voorvereistes word getoets	Boodskap: modules is onsuksesvol	Gebruik "i" om te bepaal watter modules onsuksesvol is
		Wat doen ek nou?	Kliek "verwyder alle onsuksesvolle modules"
		Ek het toestemming om die modules te neem	Voltooi die res van die selfregistrasie. Om te wysig: Handig 'n goedgekeurde studenteverzoek- en modulewysigingsvorm, tydens wysigingstydperk, by Voorgraadse Administrasie in, gebou F1 (toonbanke)
8	Kies studiemateriaal	Watter kode kies ek?	Die middelste karakter dui die taal van die studiegids aan: PAC – Afrikaans / PEC – Engels
		Van my modules / al my modules het nie kodes of studiemateriaalopsie nie	Nie alle modules het studiegids nie. Maak seker by jou fakulteit
9	"Aanvaar" onderneming	Indien ek nie aanvaar nie?	Registrasie is nie gestoor nie. Begin weer
10	Bewys van registrasie word aan jou e-posadres gestuur. Jy kan die bewys vanuit jou e-pos aanstuur, of uitdruk. Die dokument kan ook deur die NWU DIY-dienste op web versoek word (Formele-studentedokumentasie)	Bewys van registrasie is nie gestuur nie	Slegs 'n voorwaardelike registrasie. Sien registrasieskedule 2019 vir betaalbare gelde
		Hoe weet ek wanneer ek klaar is	Bewys van registrasie is na jou e-posadres gestuur